3.1.1 Implementering van programme om basiese dienslewering te versterk	2	2	2	2	2	2	2
3.1.2 Vebeter geïntegreerde en gekoördineerde munisipale infrastruktuurbeplanning	-	-	-	1	1	1	1
3.1.3 Munisipale watersekuriteit ondersteuningsprogram	-	-	2	1	1	1	1

#### Provinsiale programprestasie-aanwysers en kwartaallikse teikens vir 2019/20

Programprestasie-aanwysers	PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2019/20	Kwartaallikse teikens			
				1ste	2de	3de	4de
3.1.1 Implementering van programme om basiese dienslewering te versterk	PSD 4 & 5	Jaarliks	2	-	-	-	2
3.1.2 Vebeter geïntegreerde en gekoördineerde munisipale infrastruktuurbeplanning	PSD 4 & 5	Jaarliks	1	-	-	-	1
3.1.3 Munisipale watersekuriteit ondersteuningsprogram	PSD 4 & 5	Jaarliks	1	-	-	-	1



## Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

### Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en jaarlikse teikens vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
NVA:11 Aantal munisipaliteite gemonitor op die implementering van infrastruktuurlewerings-programme (Uitkoms 9, Subuitkoms 1) (B2B Pilaar 5) <sup>16</sup>	24	24	24	24	24	24	24

### Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en kwartaallike teiken vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers	PSD-skakel	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2019/20	Kwartaallike teikens			
				1ste	2de	3de	4de
NVA:11 Aantal munisipaliteite gemonitor op die implementering van infrastruktuurlewerings-programme (Uitkoms 9, Subuitkoms 1) (B2B Pilaar 5)	PSD 4 & 5	Kwartaallike	24	-	24	-	24

<sup>16</sup> Hierdie aanwyser word gedek deur die Provinsiale aanwyser 3.1.1

### 8.3.2 Subprogram: Rampbestuur

#### Hoofdirekoraat: Rampbestuur en Brandweerdienste

**Doel:** Om rampbestuur op provinsiale en plaaslike vlak te bestuur om te verseker dat doeltreffende rampbestuursmeganismes ingestel word

#### Strategiese doelwit

<b>Strategiese doelwit</b>	Om doeltreffende rampbestuursgereedheid, interregeringsverhoudinge en ramp-herstel te koördineer
<b>Doelwitverklaring</b>	Om ramp-interregeringstrukture, rampreaksie, rehabilitasie en heropbou te koördineer ten einde rampgereedheid en -herstel in die Provinsie beduidend te verbeter.
<b>Basislyn</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Dertien rehabilitasie- en heropbouprogramme gefasiliteer</li> <li>Gereelde raadgewende forums gehou</li> <li>Gereelde opdaterings van rampbestuursplanne gekoördineer</li> </ul>

<b>Strategiese doelwit</b>	Om die vermindering van potensiële risiko's wat deur gevare gestel word, te koördineer
<b>Doelwitverklaring</b>	Om doeltreffende rampriskovermindering in die Provinsie te koördineer en munisipaliteite te ondersteun om voorbereid te wees vir potensiële ramprisiko's wat deur gevare gestel word
<b>Basislyn</b>	'n Geloofwaardige provinsiale rampriskoprofiel

<b>Strategiese doelwit</b>	Om brand- en reddingsdienste te verbeter
<b>Doelwitverklaring</b>	Om strategieë te implementeer om brandweer- en reddingsdienste se bekwaamheid te verbeter
<b>Basislyn</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ses ondersteuningsprogramme vir spesiale operasies reaksietakspanne en brandweerdienste</li> <li>Een-en-twintig munisipaliteite opgelei in brandveiligheid</li> </ul>

# Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

## Strategiese doelwitaanwyser en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doel	'n Ramp-veerkragtige Provinsie								
	Strategiese doelwitaanwyser	Strategiese plan teiken (2015-2020)	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
			2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
Om doeltreffende ramp-gereedheid, interregerings-verhoudinge en rampherstel te koördineer	3.2(a) Programme om doeltreffende ramp-gereedheid, interregerings-verhoudinge en rampherstel te koördineer	34	7	7	6	7	7	7	7

## Provinsiale programprestasie-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doelwit		Om doeltreffende rampgereedheid, interregeringsverhoudinge en rampherstel te koördineer						
Programprestasie-aanwysers		Audited/Actual Performance Information			Estimated Performance	Medium-Term Targets		
		2015/16	2016/17	2017/18	Current (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
3.2.1	Belanghebbendes bygestaan met die ontwikkeling van rampgereedheidsplanne	5	5	2	2	2	2	2
3.2.2	Sentrumverbeterings om funksionele Wes-Kaapse Rampbestuursentrum te verseker	1	1	1	1	1	1	1
3.2.3	Jaarverslag oor Provinsiale Rampbestuur	1	1	1	1	1	1	1
3.2.4	Vergaderings van interregering-rampbestuursforums	4	4	4	4	4	4	4
3.2.5	Rampskade assesserings/verifikasies uitgevoer	6	5	8	1	1	1	1
3.2.6	Verklarings/klassifikasies van rampe gefasiliteer	7	3	-	1	1	1	1
3.2.7	Rampherstelprogramme gemonitor en ondersteun	2	1	4	1	1	1	1

## Provinsiale programprestasie-aanwysers en kwartaallikse teikens vir 2019/20

Programprestasie-aanwysers	PSD-skakel	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2019/20	Kwartaallikse teikens			
				1ste	2de	3de	4de
3.2.1	PSD 4	Jaarliks	2	-	-	-	2
3.2.2	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1
3.2.3	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	1	-
3.2.4	PSD 4	Kwartaal-lik	4	1	1	1	1
3.2.5	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1
3.2.6	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1
3.2.7	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1

## Strategiese doelwitaanwyser en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doel	'n Ramp-veerkragtige Provinsie								
	Strategiese doelwitaanwyser	Strategiese plan teiken (2015-2020)	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
			2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
Om die vermindering van risiko's wat deur gevare gestel word, te koördineer	3.2 (b) Programme om potensiële risiko's te verminder	20	4	4	4	4	4	4	4

<sup>17</sup> Aanwysers 3.2.5 tot 3.2.7 is vraaggedrewe teikens, daarom kan finale uitsette verskil van die beraamde beplande teikens.

## Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

### Provinsiale programprestasi-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doelwit		Om die vermindering van risiko's wat deur gevare gestel word, te koördineer						
		Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
Programprestasi-aanwysers		2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
3.2.8	Munisipaliteite met assesserings oor risiko en kwesbaarheid ondersteun	4	3	5	3	3	3	3
3.2.9	Munisipaliteite ondersteun om rampriskoverminderingsmaatreëls in hul GOPe te ontwikkel	6	6	3	3	3	3	3
3.2.10	Onderhoud van data-bewaarplek by die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum	1	1	1	1	1	1	1
3.2.11	Rampgevaar bewusmakingsprogramme	2	1	1	1	1	1	1

### Provinsiale programprestasi-aanwysers en kwartaallike teikens vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers		PSD-skakel	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2019/20	Kwartaallike teikens			
					1ste	2de	3de	4de
3.2.8	Munisipaliteite met assesserings oor risiko en kwesbaarheid ondersteun	PSD 4	Jaarliks	3	-	-	-	3
3.2.9	Munisipaliteite ondersteun om rampriskoverminderingsmaatreëls in hul GOPe te ontwikkel	PSD 4&5	Jaarliks	3	-	-	-	3
3.2.10	Onderhoud van data-bewaarplek by die Wes-Kaapse Rampbestuursentrum	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1
3.2.11	Rampgevaar bewusmakingsprogramme	PSD 4	Jaarliks	1	-	-	-	1

### Strategiese doelwitaanwyser en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doel	'n Ramp-veerkragtige Provinsie								
	Strategiese doelwitaanwyser	Strategiese plan teiken (2015-2020)	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
2015/16			2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22	
Om die bekwaamheid van brandweer- en reddingsdienste te verbeter	3.2(c) Programme om brand- en reddingsdienste te verbeter	112	28	26	23	23	12	12	12

### Provinsiale programprestasi-aanwysers en jaarlikse teikens vir 2019/20

Strategiese doelwit		Om brand- en reddingsdienste te verbeter						
		Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
Programprestasi-aanwysers		2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
3.2.12	Brandweerdienste opleidingsprogramme	10	15	8	8	5	5	5
3.2.13	Programme vir lugbrandbestryding- en grondondersteuningsprogramme	3	2	3	3	1	1	1
3.2.14	Noodbestuursvaardighede Kapasiteitsontwikkeling (Voorvalbevelvoering)-programme	4	2	3	3	2	2	2
3.2.15	Programme in Brand- en Lewensveiligheid	9	6	7	7	3	3	3
3.2.16	Kapasiteitsbouprogramme oor Spesiale Operasies	2	1	2	2	1	1	1

## Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

### Provinsiale programprestasi-aanwysers en kwartaallike teikens vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers	PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2019/20	Kwartaallike teikens				
				1ste	2de	3de	4de	
3.2.12	Brandweerdienste opleidingsprogramme	PSD 4	Kwartaallike	5	-	2	2	1
3.2.13	Programme vir lugbrandbestryding- en grondondersteuningsprogramme	PSD 4	Jaarlike	1	-	-	-	1
3.2.14	Noodbestuursvaardighede Kapasiteitsontwikkeling (Voorvalbevelvoering)-programme	PSD 4	Tweejaarlike	2	-	1	-	1
3.2.15	Programme in Brand- en Lewensveiligheid	PSD 4	Kwartaallike	3	-	1	1	1
3.2.16	Kapasiteitsbouprogramme oor Spesiale Operasies	PSD 4	Jaarlike	1	-	-	1	-

### Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en jaarlike teikens vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
	2015/16	2018/19	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
NVA: 12	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele rampbestuursentrums in stand te hou <sup>18</sup>	6	6	6	6	6	6
NVA: 13	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word met Brandweerdienste	-	-	-	11	5	5

### Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en kwartaallike teiken vir 2019/20

Programprestasi-aanwysers	PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2019/20	Kwartaallike teikens			
				1ste	2de	3de	4de
NVA: 12	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele rampbestuursentrums in stand te hou	PSD 4	Kwartaallike	6	6	6	6
NVA: 13	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word met Brandweerdienste	PSD 4	Kwartaallike	5	-	-	2

<sup>18</sup> Hierdie aanwyser sal terugwerkend gerapporteer word weens die verskil in die verslagdoeningstydperk van die Provinsie en munisipaliteite.

### 8.3.3 Subprogram: Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanningskoördinasie

#### Direktoraat: Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning

**Doel:** Om interregeringsbeplanning en begroting te versterk deur die GOP as die enkele koördinerende plan van regering te vestig.

#### Strategiese doelwit

<b>Strategiese doelwit</b>	Om die gehalte van GOpE te verbeter ten einde dienslewering te bewerkstellig
<b>Doelwitverklaring</b>	Om munisipaliteite te ondersteun met die verbetering van die gehalte van hul GOP
<b>Basislyn</b>	30 GOP-evalueringsverslae jaarliks gegenereer

<b>Strategiese doelwit</b>	Om interregeringsbeplanning en begroting te versterk deur die vestiging van GOP as die enkel koördineringsplan van die regering
<b>Doelwitverklaring</b>	Om die GOP as die enkele koördinerende plan van regering te vestig
<b>Basislyn</b>	Vyf distrik-indabas per jaar suksesvol uitgevoer

#### Strategiese doelwit-aanwyser and en jaarlike teikens vir 2019/20

Strategiese doel	Effektiewe geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning deur alle vlakke van regering wat lewering binne munisipale gebiede bespoedig								
	Strategiese doelwitaanwyser	Strategiese plan teiken (2015-2020)	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermteikens		
2015/16			2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22	
Om die gehalte van GOpE te verbeter ten einde dienslewering te bewerkstellig	3.3 (a) Programme om die gehalte van GOpE te verbeter	13	4	3	2	2	2	2	2



# Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

## Provinsiale programprestasië-aanwysers en kwartaalike teikens vir 2019/20

Strategieëse doelwit		Om die gehalte van GOpE te verbeter ten einde dienslewering te bewerkstellig						
		Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermmynteikens		
Programprestasië-aanwysers		2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
3.3.1	Persentasie GOP-assesserings-verslae om belyning van beplanning en begrotings-toekenning te bepaal	-	-	68% <sup>19</sup>	75%	85%	95%	100%
3.3.2	Belyning van beplanning tussen die distriksmunisipaliteit en die plaaslike munisipaliteite in sy regsgebied	-	-	41% <sup>20</sup>	50%	60%	70%	80%

## Provinsiale programprestasië-aanwysers en kwartaalike teikens vir 2019/20

Programprestasië-aanwysers		PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2019/20	Kwartaalike teikens			
					1ste	2de	3de	4de
3.3.1	Persentasie GOP-assesserings-verslae om belyning van beplanning en begrotings-toekenning te bepaal	PSD 5	Jaarliks	85%	-	85%	-	-
3.3.2	Belyning van beplanning tussen die distriksmunisipaliteit en die plaaslike munisipaliteite in sy regsgebied	PSD 5	Jaarliks	60%	-	-	60%	-

## Strategieëse doelwit-aanwyser and en jaarlike teikens vir 2019/20

Strategieëse doel		Effektiewe geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning deur alle vlakke van regering wat lewering binne munisipale gebiede bespoedig							
Strategieëse doelwit	Strategieëse doelwitaanwyser	Strategieëse plan teiken (2015-2020)	Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermmynteikens		
			2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
Om interregering-beplanning en -begroting te versterk deur die GOP as die enkele koördinerende plan van regering te vestig	3.3 (b) Program om interregering-beplanning vir GOpE te verbeter	5	1	1	1	1	1	1	1

<sup>19</sup> Berekening:  $342/500 \times 100$ . 342 (teller) is die totale kumulatiewe persentasiebelyning van alle distrikte, terwyl 500 (noemer) totale persentasie vir alle distrikte is.

<sup>20</sup> Berekening:  $82/200 \times 100$ . 82 (teller) is die totale kumulatiewe persentasiebelyning van alle distrikte, terwyl 200 (noemer) totale distrikte en munisipaliteite is.

## Provinsiale programprestasië-aanwysers en kwartaalike teikens vir 2019/20

Strategieëse doelwit		Om interregering-beplanning en -begroting te versterk deur die GOP as die enkele koördinerende plan van regering te vestig						
		Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermmynteikens		
Programprestasië-aanwysers		2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
3.3.3	Persentasie (Jaarlike Beplanningsinisiatief) JPI-ooreenkomste gefasiliteer om in die onderskeie beplanningsinstrumente van belanghebbendes te weerspieël	-	74.4% <sup>21</sup>	55% <sup>22</sup>	85%	55%	55%	55%

## Provinsiale programprestasië-aanwysers en kwartaalike teikens vir 2019/20

Programprestasië-aanwysers		PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2019/20	Kwartaalike teikens			
					1ste	2de	3de	4de
3.3.3	Persentasie JPI-ooreenkomste gefasiliteer om in die onderskeie beplanningsinstrumente van belanghebbendes te weerspieël	PSG 5	Annual	55%	-	-	-	55%

## Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en jaarlike teikens vir 2019/20

Programprestasië Metingsaanwyser		Geouditeerde/werklike prestasie-inligting			Beraamde prestasie	Mediumtermmynteikens		
		2015/16	2016/17	2017/18	Lopend (2018/19)	Jaar 1 2019/20	Jaar 2 2020/21	Jaar 3 2021/22
NVA: 14	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word met die ontwikkeling van GOP (Uitkoms 9, Subuitkoms 1)	18	30	30	30	30	30	30

## Nasionaal voorgeskrewe aanwysers en kwartaalike teiken vir 2019/20

Programprestasië-aanwysers		PSD-skakel	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2019/20	Kwartaalike teikens			
					1ste	2de	3de	4de
NVA: 14	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word met die ontwikkeling van GOP (Uitkoms 9, Subuitkoms 1)	PSD 4	Jaarliks	30	-	-	-	30

<sup>21</sup> Berekening:  $108/145 \times 100$ . 108 (teller) is die totale aantal JPI-projekte geïmplementeer, terwyl 145 (noemer) die totale aantal JPI-projekte vir die finansiële jaar wat in die JJPe en GOpE (Departemente en Munisipaliteite) weerspieël word.

<sup>22</sup> Berekening:  $80/145 \times 100$ . 80 (teller) is die totale aantal JPI-projekte wat geïmplementeer word, terwyl 145 (noemer) die totale aantal JPI-projekte vir die finansiële jaar wat in die JJPe en GOpE (Departemente en Munisipaliteite) weerspieël word.

# Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

## Program 3: Ontwikkeling en Beplanning

### Ontleding van uitgewetendense

Die 2019/20-begroting vir die program styg met 22.23% in vergelyking met die hersiene ramings vir die 2018/19 finansiële jaar. Die toename in vergoeding van werknemers sluit in die voorsiening van 1.5% loonvordering, die impak van die 2018 loonooreenkoms en die aanstelling van addisionele personeel om te help met die bestuur van droogte binne die Departement.

Goedere en dienste het met 20.86% gestyg en is hoofsaaklik te danke aan die geormerkte fondse toekennings oor die MTUR in die rigting van brandbestryding en vir die aanstelling van geohidroloë. 'n Bedrag van R21 miljoen word toegeken aan die 2019-MTUR vir die aanstelling van Geohidroloë en droogte vir volhoubare waterprojekte en waterreaksieplanne. Oordragte en subsidies styg met 58.17% of R18.529 miljoen om te help met die ramp in die Sentraal-Karoo Distriksmunisipale gebied, asook 'n bedrag van R5 miljoen vir Munisipaliteit Overstrand vir die impak van brande binne munisipale gebied.

Betaling van kapitale bate het met 22.81 toegeneem en is hoofsaaklik te wyte aan reddingstoerusting wat gebruik word om gespesialiseerde opleiding aan brandweer en noodreaksie personeel in die Wes-Kaap aan te bied.

### Opsomming van betalings en beramings – Program 3: Ontwikkeling en Beplanning

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof- begro- ting	Aange- suiwerde begrot- ing	Hersiene raming	Mediumtermynraming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				% Ve- rande-ring van her- siene ram- ing	2019/20	2020/21	2021/22
	2015/16	2018/19	2017/18							
1. Munisipale Infrastruk- tuur	20 053	18 250	36 524	24 089	29 192	34 694	66 370	91,30	41 178	41 082
2. Rampbestuur	42 202	45 087	51 635	38 285	67 156	66 965	58 054	(13,31)	55 335	58 540
3. Geïntegreer- de ontwikkel- ings-beplan- ning: Koördi- nering	7 216	5 410	6 825	8 731	7 361	7 192	8 620	19,86	9 609	10 189
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>69 471</b>	<b>68 747</b>	<b>94 984</b>	<b>71 105</b>	<b>103 709</b>	<b>108 851</b>	<b>133 044</b>	<b>22,23</b>	<b>106 122</b>	<b>109 811</b>

### Geormerkte toekenning:

#### Ingesluit is die volgende:

- Subprogram 3.1: Munisipale Infrastruktuur: Water vir volhoubare groei en ontwikkeling: Watersekuriteit en Rampbestuursreaksie is 'n bedrag van R11.865 miljoen (2019/20), R12.518 miljoen (2020/21) en R13.206 miljoen (2021/22).
- Subprogram 3.1: Munisipale Infrastruktuur: Provinsiale Waterreaksieplan is 'n bedrag van R2 miljoen (2019/20).
- Subprogram 3.1: Munisipale Infrastruktuur: Gehidroloë is 'n bedrag van R5 miljoen (2019/20), R4 miljoen (2020/21) en R2 miljoen (2021/22).
- Munisipale Infrastruktuur: Munisipale volhoubare waterprojekte geïdentifiseer as deel van die Wes-Kaapse Geïntegreerde Waterdroogreaksieplan is 'n bedrag van R2 miljoen (2019/20), R3 miljoen (2020/21) en R3 miljoen (2021/2022).
- Subprogram 3.1: Munisipale Infrastruktuur: Droogte in die Sentraal-Karoo Distriksgebied is 'n bedrag van R25 miljoen (2019/20).
- Subprogram 3.1: Munisipale Infrastruktuur: Droogte-ingenieurs en bedryfskoste is 'n bedrag van R7.417 miljoen (2019/20), R7.799 miljoen (2020/21) en R8.208 miljoen (2021/22).
- Subprogram 3.2: Rampbestuur: Gevaarlike materiaalreaksie kapasiteit langs belangrike roetes, sowel as brandbestrydingskapasiteit in die Provinsie, is 'n bedrag van R7.026 miljoen (2019/20), R6.731 miljoen (2020/21) en R7.101 miljoen (2021/22).
- Program 3: Rampbestuursberaad en voorkomende maatreëls is 'n bedrag van R5 miljoen (2019/20), R5.250 miljoen (2020/21) en R5.539 miljoen (2021/22).
- Subprogram 3.2: Rampbestuur: Droogtehulpkontrakposte is 'n bedrag van R1.903 miljoen (2019/20), R2.011 miljoen (2020/21) en R2.140 miljoen (2021/22).
- Program 3: Brandbestryding is 'n bedrag van R9.182 miljoen (2019/20), R9.739 miljoen (2020/21) en R10.357 miljoen (2021/22).
- Subprogram: Koste om die onlangse brandramp vir Munisipaliteit Overstrand te hanteer, is 'n bedrag van R5 miljoen (2019/20).

# Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 3: Ontwikkeling en Beplanning

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof-begroting	Aange-sui-werde begroting	Her-siene raming	Mediumtermynraming			
	Geoudit	Geoudit	Geoudit				2019/20	% Verandering van hersiene raming	2020/21	2021/22
	2015/16	2018/19	2017/18							
<b>Lopende betalings</b>	<b>48 133</b>	<b>49 548</b>	<b>58 304</b>	<b>59 922</b>	<b>70 712</b>	<b>68 516</b>	<b>81 513</b>	<b>18,97</b>	<b>84 454</b>	<b>86 997</b>
Vergoeding van werknemers	27 184	28 528	30 715	42 078	39 077	38 309	45 006	17,48	47 888	50 747
Goedere en dienste	20 949	21 020	27 589	17 844	31 635	30 207	36 507	20,86	36 566	36 250
<b>Oordragte en subsidies aan</b>	<b>10 464</b>	<b>18 384</b>	<b>36 444</b>	<b>11 152</b>	<b>32 712</b>	<b>40 050</b>	<b>51 181</b>	<b>27,79</b>	<b>21 619</b>	<b>22 763</b>
Provinsies en munisipaliteite	9 220	16 630	35 467	10 352	31 852	39 190	50 381	28,56	20 819	21 963
Departementele agentskappe en rekeninge	750	1 007	414	400	400	400	400		400	400
Instellings sonder winsbejag	480	744	414	400	400	400	400		400	400
Huishoudings	14	3	149		60	60		(100,00)		
<b>Betalings vir kapitale bates</b>	<b>10 874</b>	<b>815</b>	<b>236</b>	<b>31</b>	<b>285</b>	<b>285</b>	<b>350</b>	<b>22,81</b>	<b>49</b>	<b>51</b>
Masjinerie en toerusting	10 874	815	236	31	285	285	350	22,81	49	51
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>69 471</b>	<b>68 747</b>	<b>94 984</b>	<b>71 105</b>	<b>103 709</b>	<b>108 851</b>	<b>133 044</b>	<b>22,23</b>	<b>106 122</b>	<b>109 811</b>

## 9 Nasionaal voorgeskrewe aanwysers in die Provinsie

	Prestasie-aanwysers	Program	Subprogram	WK-reaksie
1.	Aantal Tradisionele rade wat ondersteun word om hul funksies uit te voer	N/A	N/A	The Programme Traditional Affairs is not active in the Western Cape
2.	Persentasie opvolg eise/ geskille verwerk	N/A	N/A	

## 10 Risikobestuur

Die Departement evalueer deurlopend risiko's wat verband hou met die bereiking van sy strategiese doelwitte en oogmerke. Die strategiese risiko's vir die boekjaar is soos volg:

Strategiese risiko	Beheerprosedures	Beskrywing van aksieplan
1. 'n Gebrek aan hulpbronne om aan IT-verwante inisiatiewe deel te neem en kan lei tot lae vlakke van IKT-beheer, IKT- strategiese lewering, en uiteindelik IT-instaatstelling vir DPR	<ul style="list-style-type: none"> <li>IT-hulpbronne word op 'n gereelde basis op Departementele IT-Komiteevergaderings (DITCOM) bespreek</li> <li>Meer geïntegreerde IT-strategiese en IT-operasionele beplanning vind onderskeidelik op 'n 5-jaarlikse en jaarlikse basis tussen departemente en Ce-I plaas. Hierdie beplanning help om DPR se IT-hulpbronne te vereistes aan die IT-strategiese en operasionele vereistes te koppel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>DPR sal 'n bevoegdheid vir Kennisbestuur instel om die funksie van Inligtingstechnologie in die Departement beter aan te spreek en te hanteer</li> <li>DPR, met die ondersteuning van Ce-I, sal die dienste van 'n Besigheidsanalisis (BA) kontrakkeer om IT- strategiese, IT-beheer- verwante, en IT- interne verbeteringsinisiatiewe in die Departement te hanteer</li> </ul>
2. Vermoë van die Departement om bedrywighede voort te sit in die geval van 'n beduidende ontwrigting of ramp wat die kernbedrywighede van die departement in gedrang kan bring. • Onvermoë om toegang tot IT stelsels en verwante inligting te verkry	<ul style="list-style-type: none"> <li>Deurlopende monitering deur die Departement se hoofdirektorate van die implementering van die IT-rugsteunbeleid</li> <li>Gedetailleerde herstelplan wat met insette van hoofdirektorate vir die Departement opgestel word</li> <li>'n Templaet is geskep as riglyn vir die ontwikkeling en implementering van die sakekontinuiteitsplan</li> <li>Rampbestuur geïdentifiseer as 'n rugsteunterrein vir geaffekteerde DPR-personeel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>DPR sal 'n evaluering van die huidige stand van die IT-infrastruktuur by die DPR-beheersentrum doen. Waar nodig, sal sekere IT-infrastruktuur gemerk word as 'herlaai' en die begrotingsvereistes sal bespreek en intern en met Ce-I ooreengekom word</li> <li>DPR sal die departementele IT Kontinuiteit-/ Rampherstelplan by die departementele Sakekontinuiteitsplan integreer</li> </ul>

## Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE


Strategic Risk	Control Procedures	Action Plan Description
<ul style="list-style-type: none"> <li>Negatiewe impak op die departement se sakeprosesse wat van IT afhanklik is</li> <li>Lae vlakke van IKT-beheer, IKT-strategiese lewering, en uiteindelik IKT-instaatstelling vir die Departement</li> <li>Vertraagde reaksie en herstel</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n IT-rugsteunbeleid ten opsigte van slegs inligting (slegs eksterne hardeskywe) geïmplementeer</li> <li>Sakekontinuiteitsplan onder bestuur versprei</li> <li>Gebruikers is bewus gemaak van die feit dat hulle 'n rugsteun op die bediener moet doen</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>DPR, met die ondersteuning van Ce-I, sal 'n jaarlikse toets/simulasie van sy Rampherstelplan uitvoer om te verseker dat die plan relevant bly en in staat is om die departementele herstellpoging in die geval van 'n 'ramp' te ondersteun. Waar nodig, sal DPR die inligting van die jaarlikse toetsing van die Ce-I Rampherstelplan gebruik om sy pogings met die Rampherstelplan te ondersteun</li> </ul>
<p>3. Onvoldoende voorbereiding en onvermoë van departemente om tydens langdurige onderbreking van kragvoorsiening te kommunikeer (tegnies).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Dit lei tot die ontwrigting van kritieke aktiwiteite in die Wes- Kaap.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gereedheidsplan, Rampbestuursentrum en reaksiestrukture in die geval van 'n groot elektriese noodgeval is geaktiveer.</li> <li>Reëling oor die verspreiding van vroeë waarskuwings aan alle munisipale bestuurders.</li> <li>Hulpverlening om munisipaliteite voor te berei en reaksies te koördineer in die geval van beurtkrag.</li> <li>Inligtingsessie gehou met privaat hospitaalgroepe om gebeurlikheidsbeplanning vir langdurige kragonderbrekings te verseker.</li> <li>Koördinerings van gereedheidsplanne vir kragonderbrekings deur provinsiale belanghebbendes.</li> <li>Kommunikasie aan munisipaliteite uitgereik wat waterbehandelingswerke gebeurlikheidsplanne vir kragonderbrekings aanspreek.</li> <li>Doeltreffende implementering van noodgeval Provinsiale Kragonderbrekingsplan tydens beurtkrag.</li> <li>Kragonderbrekingsplan ontwikkel, afgehandel aan die Nasionale Rampbestuur Adviesforum voorgelê</li> <li>Betrokkenheid met politieke prinsipale en provinsiale topbestuur oor die risiko's en die huidige prosesse wat geïmplementeer word om langdurige kragonderbrekings aan te spreek</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Evaluering van haalbaarheid van satellietkommunikasie</li> </ul>

Strategic Risk	Control Procedures	Action Plan Description
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Vestiging van provinsiale prioriteitskomitee om kragonderbrekings proaktief te bestuur</li> <li>Gefinaliseerde kommunikasiestrategie tussen DoLG, ESKOM en DvdP.</li> <li>Deurlopende konsultasie met ESKOM met betrekking tot die risiko's en die nasionale planne in plek.</li> <li>Deurlopende betrokkenheid met Eskom en die Elektrisiteitsdepartement van die Stad Kaapstad.</li> <li>Beplanningsproses wat met brandstofverskaffer geïnisieer is om brandstof tydens langdurige kragonderbrekings te verskaf.</li> <li>Voorlegging van die Provinsiale Kragonderbrekingsplan (WK) aan nasionale taakspan vir implementering regoor die land.</li> <li>Voorlegging van opgedateerde Provinsiale Kragonderbrekingsplan aan PTM.</li> <li>Provinsiale werkswinkel met munisipaliteite om gebeurlikheidsplanne vir langdurige kragonderbrekings te verseker</li> <li>Provinsiale werksessie met Eskom en alle provinsiale departemente om te verseker dat gebeurlikheidsplanne vir langdurige kragonderbrekings in plek is.</li> <li>Spesialis aangestel om te help met die finalisering van die Kraggebeurlikheidsplan.</li> <li>Werksessie met alle provinsiale departemente om mensebestuurskwessies wat deur die uitdagings van elektrisiteit geraak word, te bespreek.</li> </ul>	



## Deel B: STRATEGIESE DOELWITTE

Strategic Risk	Control Procedures	Action Plan Description
<p>4. Die Departement se vermoë om sy mandaat na te kom kan dienslewering in gedrang bring en die voorsiening van ondersteuning aan die departement nadelig raak</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• subdirektorate funksioneer nie optimaal nie;</li> <li>• verminderde vlak van ondersteuning aan munisipaliteite;</li> <li>• negatiewe impak op die bereiking van die direktoraat se JPP-lewerbare uitsette volgens die JPP</li> </ul> <p>Die vermindering in die Basislynbegrotings oor die MTUR tydperk het druk geplaas op die Departement se vermoë om sy mandaat na te kom. In die besonder, die perke wat op die Departement se koptelling en koste van indiensneming opgelê is.</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herevaluering en herbelyning van departementele programme en projekte</li> <li>• Herprioritering van departementele begroting in lyn met die herevaluering en herbelyning van programme en projekte.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van 'n diensleweringmodel, insluitende organisatoriese herontwerp.</li> </ul>



## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

# Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

## Oordragte

TOEKENNING (TOELAE) VIR MUNISIPALE ELEKTRISITEIT-MEESTERPLAN	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
<b>Strategiese doelwit</b>	Beplanning vir munisipale elektriese infrastruktuur met die doel om toegang tot munisipale dienste te verhoog.
<b>Doel van toelae</b>	Finansiële bystand aan munisipaliteite om effektiewe funksionering van munisipale elektriese infrastruktuur te verseker en om die voorsiening van basiese elektrisiteit aan burgers te maksimaliseer.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	Verbeterde funksionering van munisipale elektriese infrastruktuur en toegang tot basiese elektrisiteit vir burgers.
<b>Uitsette</b>	Elektrisiteit-meesterplanne
<b>Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, kwaliteit en inklusiewe lewensomgewing.</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in implementeringsplan</b>	<p>Hierdie toekenning gebruik die profielvorm/raamwerk wat deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is, wat 'n projekimplementeringsplan moet insluit wat die volgende aandui:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Omvang van projek</li> <li>Uitsetaanwysers</li> <li>Uitkomste</li> <li>Sleutelaktiwiteite</li> <li>Implementeringstrategie</li> <li>Tydsraamwerke</li> <li>Kontantvloei</li> <li>Monitering en verslagdoening</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Munisipaliteite om geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering in te dien, wat beoogde uitkomste en uitsette sal aanspreek wat 'n begroting en uitrolplan uiteensit.</li> <li>Sakeplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word voordat oordragte gedoen word, insluitend reëlins vir betaling.</li> <li>Die toelae kan slegs gebruik word vir die projekte soos in die goedgekeurde sakeplan</li> <li>Deursigtige en regverdige verkrygingsprosedures wat voldoen aan die MFMA moet gevolg word.</li> <li>Toepaslike finansiële en niefinansiële Prestasieplanne moet by die Departement ingedien word soos gestipuleer in die Oordragbetalingsooreenkoms.</li> </ul>

<b>Toekenningskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Sakeplan wat deur individuele munisipaliteite ingedien moet word en deur die Departement goedgekeur word.</li> <li>'n Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) sal onderteken word tussen die Departement en die individuele begunstigde munisipaliteite.</li> </ul>
<b>Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie</b>	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregeringsamesprekings, byvoorbeeld MGRO, RMT, "Back to Basics"-beginsels, LGMTEC, ens.
<b>Vorige prestasie</b>	2018/19: R1.330 miljoen, 2017/18: R1.397 miljoen, 2018/19: R1.417 miljoen
<b>Geprojekeerde lewe</b>	Projek word jaarliks hersien
<b>MTUR-toekennings</b>	2019/20: R1.490 miljoen, 2020/21: R1.570 miljoen, 2021/22: R1.656 miljoen.
<b>Betalingskedule</b>	Oordragbetalings aan die munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en die munisipaliteit.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die oordragbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Raadpleging met betrokke munisipaliteite.</li> <li>Oorweging en goedkeuring van sakeplanne.</li> <li>Opstel en verspreiding van die Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite dit onderteken en terugstuur aan die Departement.</li> <li>Genotuleerde vergaderings wat sal help met die monitering en bestuur van die program (uitsette en beoogde uitkomste), soos en wanneer nodig.</li> <li>Monitering van projekuitvoering by wyse van: <ul style="list-style-type: none"> <li>Uitgawe- en vorderingsverslae deur ontvangende munisipaliteite.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Stel geloofwaardige sakeplanne op wat in lyn gebring word met uitsette en uitkomste.</li> <li>Verseker aktiewe eienaarskap van projek op die hoogste vlak van gesag.</li> <li>Verkry Raadsondersteuning vir die program.</li> <li>Indiening van geskikte finansiële en niefinansiële Prestasieplanne, soos uiteengesit in die TPA.</li> <li>Die munisipale bestuurder moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
<b>Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Indiening van sakeplanne.</li> <li>Areas van ondersteuning deur geskeduleerde skakeling met plaaslike regering geïdentifiseer.</li> </ul>

## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

TOEKENNING (TOELAE) VIR KAPASITEIT IN DIE BRANDWEERDIENS	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om munisipaliteite te ondersteun om funksionele en voldoende brandweerdienste te vestig en in stand te hou wat teen nasionale maatstawwe en standarde gemeet kan word.
<b>Doel van toelae</b>	Om finansiële bystand aan munisipaliteite te bied om funksionele noodkommunikasie, mobilisasiesistels en brandweerdienste te verseker.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	<p><b>Verkryging van brandbestrydingstoestelle</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeter brandbestrydingsbevoegdheid en doeltreffende dienslewering.</li> <li>• Verminder mobilisasie en reaksietye van brande en ander noodgevalle.</li> </ul> <p><b>Reaksievermoë ten opsigte van gevaarlike materiale</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde vermoë om gevaarlike materiaal voorvalle op alle groot roetes en groot dorpe te hanteer.</li> </ul> <p><b>Algemene uitkomst</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde lewering van brandweerdienste.</li> <li>• Optimale benutting van skaars hulpbronne.</li> <li>• Verbeterde begrip van werkvereistes.</li> </ul>
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doeltreffende en effektiewe Brandweerdienste.</li> <li>• Verbeterde organisatoriese prestasie.</li> </ul>
<b>Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in implementeringsplan</b>	<p>Hierdie toekenning gebruik die profielvorm/raamwerk wat deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is, wat 'n projekimplementeringsplan moet insluit wat die volgende aandui:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omvang van projek</li> <li>• Tegniese spesifikasies</li> <li>• Uitsetaanwysers</li> <li>• Uitkomst</li> <li>• Sleutelaktiwiteite</li> <li>• Implementeringstrategie</li> <li>• Tydsraamwerke</li> <li>• Kontantvloei</li> <li>• Monitering en verslagdoening</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<p><b>Van toepassing op munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Munisipaliteite om geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering in te dien, wat beoogde uitkomst en uitsette sal aanspreek wat 'n begroting en uitrolplan uiteensit.</li> <li>• Sakeplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering ooreengekom word.</li> <li>• Kwartaalike vorderingsverslae aan die Departement van Plaaslike Regering.</li> </ul>

<b>Toekenningskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Sakeplan wat deur individuele munisipaliteite ingedien moet word en deur die Departement goedgekeur word.</li> <li>• 'n Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) sal onderteken word tussen die Departement en die individuele begunstigde munisipaliteite.</li> </ul>
<b>Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie</b>	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander inter-regeringsamesprekings, byvoorbeeld die Munisipale Staatsbestuur Oorsig en Vooruitsigte (MGRO), Streekmoneteringsgroep, Plaaslike Regering Omkeerstrategie, Plaaslike Regering Mediumtermyn-uitgawekomitee, ens.
<b>Vorige prestasie</b>	2018/19: R9.8 miljoen; 2017/18: R12.5 miljoen; 2018/19: R8.935 miljoen.
<b>Geprojekteerde lewe</b>	Projek word jaarliks hersien.
<b>MTUR-toekennings</b>	2019/20: R7.026 miljoen; 2020/21: R6.731 miljoen; 2021/2022: R7.101 miljoen.
<b>Betalingskedule</b>	Oordragbetalings aan die munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en die munisipaliteit.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Raadpleging met die betrokke munisipaliteite;</li> <li>• Oorweging en goedkeuring van sakeplanne;</li> <li>• Opstel en verspreiding van die Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite dit onderteken en terugstuur aan die Departement;</li> <li>• Vestig Bestuurskomitee om die program te monitor en te bestuur; en</li> <li>• Monitor die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Monitor die projek deur middel van:</li> <li>○ Kwartaalike vergadering van bestuurskomitee</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte en ontvangsbeampte</b></p> <p><b>Verantwoordelikhede van munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Munisipaliteite moet toesien dat bogenoemde voorwaardes nagekom word.</li> <li>• Indiening van kwartaalike omskrywende en finansiële verslae binne 7 dae na die einde van elke kwartaal by die oordragende provinsiale beampte.</li> <li>• Die munisipale bestuurders moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
<b>Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Indiening van sakeplanne.</li> <li>• Ondersteuning areas geïdentifiseer deur geskeduleerde plaaslike regering betrokkeheid.</li> </ul>



## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

TOEKENNING (TOELAE) VIR MUNISIPALE DROOGTEHULP	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
<b>Strategiese doelwit</b>	Ontwikkeling van munisipale waterinfrastruktuur met die doel om watertoevoer, grootmaat water infrastruktuurkapasiteit en vraagvermindering in droogte geteisterde munisipaliteite te verhoog.
<b>Doel van toelae</b>	Finansiële bystand vir droogte verligting aan munisipaliteite om watervoorsiening en grootmaat infrastruktuurkapasiteit en vraagvermindering in droogte geteisterde munisipaliteite te verhoog.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	Watertoevoerversekering.
<b>Uitsette</b>	Watersekuriteit in droogte geteisterde dorpe.
<b>Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel Nasionale Utkoms (NU)</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, kwaliteit en inklusiewe lewensomgewing.</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in implementeringsplan</b>	<p>Hierdie toekenning gebruik die profielvorm/raamwerk wat deur die Provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is, wat 'n projekimplementeringsplan moet insluit wat die volgende aandui:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Omvang van projek</li> <li>Uitsetaanwysers</li> <li>Uitkomste</li> <li>Sleutelaktiwiteite</li> <li>Implementeringstrategie</li> <li>Tydsraamwerke</li> <li>Kontantvloei</li> <li>Monitering en verslagdoening</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Munisipaliteite om geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering in te dien, wat beoogde uitkomste en uitsette sal aanspreek wat 'n begroting en uitrolplan uiteensit.</li> <li>Sakeplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering goedgekeur word voordat oordragte gedoen word, insluitend reëlins vir betaling.</li> <li>Die toelae kan slegs gebruik word vir die projekte soos in die goedgekeurde sakeplan</li> <li>Deursigtige en regverdige verkrygingsprosedures wat voldoen aan die MFMA moet gevolg word.</li> <li>Toepaslike finansiële en niefinansiële Prestasieplanne moet by die Departement ingedien word soos gestipuleer in die Oordragbetalingsooreenkoms.</li> </ul>
<b>Toekenningskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>'n Sakeplan wat deur individuele munisipaliteite ingedien moet word en deur die Departement goedgekeur word.</li> <li>'n Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) sal onderteken word tussen die Departement en die individuele begunstigde munisipaliteite.</li> </ul>

<b>Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie</b>	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale aangeleenthede en op konsensusooreenkoms deur die Droogte-Reaksie en Herstel Taakspan.
<b>Vorige prestasie</b>	2018/19: R9 miljoen; 2017/18: R90.110 miljoen; 2018/19: R9.088 miljoen.
<b>Geprojekteerde lewe</b>	Projek word jaarliks hersien.
<b>MTUR-toekennings</b>	2019/20: R 36.865 miljoen, 2020/21: R 12.518 miljoen, 2021/22: R13.206 miljoen.
<b>Betalingskedule</b>	Oordragbetalings aan munisipaliteite ooreenkomstig die ooreenkoms tussen die Departement en munisipaliteit oordra.
<b>Verantwoordelikhede van die oordragbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die oordragbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Raadpleging met betrokke munisipaliteite;</li> <li>Oorweging en goedkeuring van sakeplanne;</li> <li>Ontwerp en versprei die Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite TPA aan die Departement teken en terugstuur;</li> <li>Genotuleerde vergaderings wat sal help met die monitering en bestuur van die program (uitsette en beoogde uitkomste), soos en wanneer nodig; en</li> <li>Monitering van projekuitvoering by wyse van: <ul style="list-style-type: none"> <li>Uitgawe- en vorderingsverslae deur ontvangende munisipaliteite</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte en ontvangsbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Stel geloofwaardige sakeplanne op wat in lyn gebring word met uitsette en uitkomste;</li> <li>Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op die hoogste vlak van gesag;</li> <li>Verkry Raadsondersteuning vir die program; en</li> <li>Indiening van geskikte finansiële en niefinansiële Prestasieplanne, soos uiteengesit in die TPA.</li> <li>Die munisipale bestuurder moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
<b>Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Indiening van sakeplanne.</li> <li>Areas van ondersteuning deur geskeduleerde skakeling met plaaslike regering geïdentifiseer.</li> </ul>



## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

TOEKENNING (TOELAE) VIR THUSONG-DIENSSENTRUMS (Volhoubaarheid: Operasionele Ondersteuningstoelae)	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om finansiële bystand aan munisipaliteite te bied, om die finansiële volhoubaarheid van die Thusong-dienssentrum te verseker.
<b>Doel van toelae</b>	Om finansiële hulp aan munisipaliteite te verleen om die finansiële haalbaarheid van Thusong-dienssentrum te verseker.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om regeringsinligting en -dienste nader aan die mense te bring ten einde toegang tot geleenthede as 'n grondslag vir 'n beter lewensbestaan te bevorder;</li> <li>Om koste-effektiewe, geïntegreerde, doeltreffende en volhoubare dienslewering te voorsien om die behoeftes van burgers beter te kan dien;</li> <li>Om volhoubare vennootskappe met die regering, die sakesektor en die burgerlike samelewing te bou; en</li> <li>Om 'n platform vir groter dialoog tussen burgers en regering te skep.</li> </ul>
<b>Uitsette</b>	Doeltreffende en effektiewe bestuur van Thusong-dienssentrum.
<b>Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gedetailleerde jaarlikse begroting;</li> <li>Mandjie van dienste gelewer;</li> <li>Diensleweringstatistieke;</li> <li>Gapings in dienslewering;</li> <li>Status op die sluiting van huurooreenkomste met huurders binne die Thusong-Dienssentrum;</li> <li>Bylae van Infrastruktuurinstandhoudingsplan.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<p><b>Van toepassing op munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Munisipaliteite om geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering voor te lê, wat beoogde uitkomst en uitkomst sal spesifiseer wat 'n begroting en uitrolplan uiteensit;</li> <li>Die funksie van Bestuurder: Thusong-dienssentrum toegewyd aan 'n pos op die plaaslike munisipaliteit se organisatoriese diensstaat en die is pos verkieslik gevul;</li> <li>Indiening van kwartaallikse omskrywende vorderingsverslae;</li> <li>Indien van 'n half-jaar uitgaweverslag;</li> <li>Thusong-dienssentrum moet by die GOP en munisipale begroting ingesluit word;</li> <li>Ondertekening van huurooreenkomste met huurders van die Thusong-dienssentrum;</li> <li>Infrastruktuur-instandhoudingsplan om te verseker dat die infrastruktuur goed onderhou word, om belanghebbendes/huurders te lok en te behou. Plan spesifiseer watter herstelwerk gedurende hul finansiële jaar geprioritiseer sal word ; en</li> <li>Getekende Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verklaring van voldoening aan artikel 71(1) van die Wet of Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003).</li> </ul>

<b>Toekenningskriteria</b>	Fondse word toegeken aan Plaaslike Munisipaliteite wat die Thusong-dienssentrum bestuur om te ondersteun met die finansiële lewensvatbaarheid van die Thusong-dienssentrum.
<b>Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie</b>	Provinsiale Regering se bydrae om geïntegreerde dienslewering regoor die Provinsie te verbeter.
<b>Vorige prestasie</b>	2018/19: R1.046 miljoen; 2017/18: R1.275 miljoen; 2018/19: R1.046 miljoen
<b>Geprojekteerde lewe</b>	Die fondse sal opgeneem word in 'n toelae per jaar vir direkte oordrag aan die munisipaliteit.
<b>MTUR-toekennings</b>	2019/20: R1.046 miljoen; 2020/21: R1.046 miljoen; 2021/22: R1.046 miljoen
<b>Betalingskediule</b>	Betaling sal afhang van die voorlegging van alle relevante dokumentasie (goed-gekeurde sakeplan, kwartaallikse verslae, gedetailleerde geprojekteerde begroting, ondertekende ooreenkoms). Betaling sal in een (1) gedeelte per jaar gemaak word.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte en ontvangsbeampte</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale departement</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Provinsiale koördinerer van die Thusong-program;</li> <li>Fasiliteer en verskaf platforms vir skakeling tussen die drie (3) vlakke van regering;</li> <li>Ondersteun en monitor die implementering van die Thusong-program; en</li> <li>Oordrag van bedryfs- en instandhoudingsfondse aan munisipaliteite om te help met die volhoubaarheid (bedryfsondersteuning) van die Thusong-dienssentrum.</li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Munisipaliteite moet toesien dat die bovermelde voorwaardes van die operasionele en instandhoudingsfondse nagekom word;</li> <li>Indiening van kwartaallikse omskrywende en halfjaarlikse uitgaweverslae by die oordraende provinsiale beampte; en</li> <li>Die munisipale bestuurder moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
<b>Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar</b>	Die toekennings sal gegrond wees op die voorlegging van bogenoemde voorwaardes wat deur munisipaliteite en ooreenkoms ingedien moet word wat deur die oordragbeampte en munisipaliteite onderteken moet word, soos uiteengesit in die voorwaardes.

## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

TOEKENNING (TOELAE) VAN MUNISIPALE DIENSLEWERING EN KAPASITEITSBOU	
<b>Oordraggewende provinsiale departement</b>	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
<b>Strategiese doelwit</b>	Om munisipale dienslewering en kapasiteitsbou te versterk en te verbeter om munisipaliteite in staat te stel om hul eie sake te bestuur, hul eie bevoegdhede uit te oefen en hul funksies te verrig soos voorgeskryf deur wetgewing vir plaaslike regering.ring.
<b>Doel van toelae</b>	Om munisipaliteite finansiële bystand te gee om infrastruktuur, stelsels, strukture, korporatiewe bestuur en dienslewering te verbeter.
<b>Uitkomsteverklarings</b>	<p><b>Algehele uitkoms:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeter die vermoë van munisipaliteite om dienste te lewer;</li> <li>• Versterk infrastruktuur, prosesse, stelsels en strukture;</li> <li>• Verbeter korporatiewe beheer in munisipaliteite;</li> <li>• Maksimum doeltreffendheidswinste in dienslewering;</li> <li>• Om koste-effektiewe dienslewering uitkomst te bereik soos voorsien deur spesifieke strategiese doelwitte wat in die Munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne uiteengesit word; en</li> <li>• Om die munisipaliteite in staat te stel om aan die wetlike vereistes te voldoen om die doeltreffendheidswins te vermeerder.</li> </ul>
<b>Uitsette</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde infrastruktuur, stelsels, strukture en prosesse;</li> <li>• Verbeterde vlak van korporatiewe beheer in munisipaliteite;</li> <li>• 'n Hoër vlak van skakeling tussen munisipale strategieë en munisipale stelsels, prosesse en strukture; en</li> <li>• 'n Hoër vlak van produktiwiteit en verbeterde dienslewering.</li> </ul>
<b>Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel.</li> <li>• Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.</li> </ul>
<b>Besonderhede vervat in implementeringsplan</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om munisipaliteite te ondersteun om hul bestuurstrukture te versterk.</li> <li>• Om munisipaliteite te ondersteun met die verbetering van infrastruktuur en versterking van dienslewering.</li> <li>• Om te verseker dat munisipaliteite voldoen aan toepaslike wetgewing.</li> <li>• Om die gebruik van beste praktyke te bevorder en te verhoog.</li> </ul>
<b>Voorwaardes</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Munisipaliteite om geloofwaardige sakeplanne aan die Departement van Plaaslike Regering in te dien, wat beoogde uitkomst en uitsette sal aanspreek wat 'n begroting en uitrolplan uiteensit..</li> <li>• Sakeplanne moet deur die Departement van Plaaslike Regering ooreengekom word voordat oordragte gedoen word, insluitend reëlins vir betaling.</li> <li>• Sakeplanne moet geëvalueer word volgens die kriteria hieronder gemeld: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Deursigtige en regverdige verkrygingsprosesse wat deur munisipaliteite onderneem word;</li> <li>○ Die aard van die projek en Beraamde koste van die projek; en</li> <li>○ Die munisipaliteit se vermoë om die projek te implementeer.</li> </ul> </li> <li>• Die oordragte is gebaseer op die beginsel van medefinansiering van projekte in munisipaliteite..</li> <li>• Kwartaaliks vorderingsverslae moet aan die Departement van Plaaslike Regering voorsien word.</li> </ul>

<b>Toekenningskriteria</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Sakeplan wat deur individuele munisipaliteite ingedien moet word en deur die Departement goedgekeur word.</li> <li>• 'n Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) sal onderteken word tussen die Departement en die individuele begunstigde munisipaliteite.</li> </ul>
<b>Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie</b>	Ondersteuning geïdentifiseer as gevolg van munisipale samesprekings en ander interregeringsamesprekings, byvoorbeeld die Munisipale Staatsbestuur Oorsig en Vooruitsigte (MGRO), Streekmoneteringsgroep, Plaaslike Regering Omkeerstrategie, Plaaslike Regering Mediumtermyn-uitgawekomitee, ens.
<b>Vorige prestasie</b>	2018/19: R15.286 miljoen; 2017/18: R2.696 miljoen; 2018/19: R9.415 miljoen.
<b>Geprojekeerde lewe</b>	Projek word jaarliks hersien.
<b>MTUR-toekennings</b>	2019/20: R14.435 miljoen; 2020/21: R15.212 miljoen; 2021/22: R16.049 miljoen.
<b>Betalingskiedule</b>	Oordragbetalings aan die munisipaliteite in ooreenstemming met die ooreenkoms tussen die departement en die munisipaliteit.
<b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampste en ontvangsbeampste</b>	<p><b>Verantwoordelikhede van die oordragbeampste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Raadpleging met betrokke munisipaliteite;</li> <li>• Oorweging en goedkeuring van sakeplanne;</li> <li>• Ontwerp en versprei die Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite TPA aan die Departement teken en terugstuur;</li> <li>• Samestelling van 'n Bestuurskomitee om die program te monitor en bestuur (uitsette en beoogde uitkomste); en</li> <li>• Monitering van projekuitvoering by wyse van: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Kwartaaliks uitgawe- en vorderingsverslae deur ontvangende munisipaliteite; en</li> <li>○ Kwartaaliks bestuurskomitee vergaderings.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van munisipaliteite</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Stel geloofwaardige sakeplanne op wat in lyn gebring word met uitsette en uitkomste;</li> <li>• Alle ontvangende munisipaliteite moet maandelikse vorderingsverslae en -uitgawes indien soos uiteengesit in die memorandum van verstandhouding;</li> <li>• Verseker aktiewe eienaarskap van die projek op die hoogste vlak van gesag; and</li> <li>• Verkry Raadsondersteuning vir die program.</li> <li>• Die munisipale bestuurder moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
<b>Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Indiening van sakeplanne.</li> <li>• Ondersteunings areas geïdentifiseer deur geskeduleerde plaaslike regering betrokkeheid.</li> </ul>

## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

TOEKENNING (TOELAE) VIR RAMPBESTUUR	
Oordraggewende provinsiale departement	Plaaslike Regering (Begrotingspos 14)
Strategiese doelwit	Koördineer en ondersteun plaaslike, provinsiale en nasionale regering in die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe en verseker vinnige en effektiewe reaksie op potensiële rampe en na-rampherstel.
Doel van toelae	Om munisipaliteite finansiële bystand te gee om effektiewe en doeltreffende rampbestuursmeganismes te verseker.
Uitkomsteverklarings	<p><b>Algehele uitkoms</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Verminder die risiko van verlies aan lewens, eiendom en agteruitgang van die omgewing as gevolg van brande.</li> <li>Onmiddellike gevolge van rampe word versag.</li> <li>Om die munisipaliteite met hul rampreaksie en herstel te kapasiteer.</li> <li>Verbeter reaksie op noodgevalle.</li> <li>As 'n wetgewende vereiste moet die rampbestuursentrum as 'n bewaarplek van en die kanaal vir inligting rakende rampe optree en 'n elektroniese databasis vir die bestuur van rampe handhaaf.</li> </ul> <p><b>Algemene uitkomste</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Verseker vinnige en effektiewe reaksie en ondersteuning aan moontlike rampspoedige brande en verseker herstel na brande.</li> <li>Verbeterde dienslewering.</li> <li>Optimale benutting van skaars hulpbronne.</li> </ul>
Uitsette	Effektiewe risikovermindering, vinnige reaksie op rampe en na-herstel. Verbeterde organisatoriese prestasie.
Prioriteituitkoms(te) van regering waartoe hierdie toelae hoofsaaklik bydra	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nasionale uitkoms (NU) 9: Bou 'n responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regeringstelsel</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 4: Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, kwaliteit en inklusiewe lewensomgewing.</li> <li>Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 5: Vestig goeie bestuur en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.</li> </ul>
Besonderhede vervat in implementeringsplan	<p>Hierdie toelae gebruik die profielvorm/raamwerk wat deur die provinsiale Departement van Plaaslike Regering ontwikkel is en wat die volgende uitlig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Omvang van projek</li> <li>Tegniese ontwerp spesifikasies</li> <li>Uitsetaanwysers</li> <li>Outkomste</li> <li>Sleutelaktiwiteite</li> <li>Implementeringstrategie</li> <li>Tydsraamwerke</li> <li>Kontantvloei</li> <li>Monitering en verslagdoening</li> </ul>

Voorwaardes	<p><b>Van toepassing op munisipaliteite:</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Sakeplanne wat deur die Departement van Plaaslike Regering ooreengekom moet word.</li> <li>Sakeplanne moet volgens die volgende kriteria geëvalueer word: <ul style="list-style-type: none"> <li>Projekimplementeringsplanne;</li> <li>Moniterings- en Evalueringsplan; en</li> <li>Vorderingsverslae aan die Departement van Plaaslike Regering.</li> </ul> </li> </ul>
Toekenningskriteria	'n Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) sal tussen die Departement en Munisipaliteit onderteken word
Rede waarom nie by billike aandeel ingesluit nie	Die Departement van Plaaslike Regering het 'n spesiale versoek van die betrokke munisipaliteite ontvang om te ondersteun met die herstel van die brand, risiko-vermindering en onderdrukkingskoste na aanleiding van die verwoestende brande in die Provinsie.
Vorige prestasie	2017/18: R2.16 miljoen; 2018/19: R20 miljoen.
Geprojekteerde lewe	Projek word jaarliks hersien.
MTUR-toekennings	2019/20: R5 miljoen.
Betalingskedule	Oordragbetaling aan munisipaliteite oordra ooreenkomstig die ooreenkoms tussen die Departement en munisipaliteite.
Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte en ontvangsbeampte	<p><b>Verantwoordelikhede van die provinsiale oordragbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>CRaadpleeg die betrokke munisipaliteite.</li> <li>Ontwerp en versprei die Oordragbetalingsooreenkoms (TPA) en verseker dat munisipaliteite TPA aan die Departement teken en terugstuur.</li> <li>Monitor die projek deur middel van: <ul style="list-style-type: none"> <li>ses maandelikse uitgawe- en vorderingsverslae.</li> </ul> </li> </ul> <p><b>Verantwoordelikhede van die ontvangsbeampte</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Munisipaliteite moet toesien dat bogenoemde voorwaardes nagekom word.</li> <li>Voorlegging van kwartaallikse niefinansiële en finansiële verslae binne 7 dae na die einde van elke kwartaal aan die oordraggewende provinsiale beampte.</li> <li>Die munisipale bestuurder moet aansoek doen vir oordragte en indien nodig onbestede fondse terugbetaal.</li> </ul>
Prosedure vir goedkeuring van toekennings vir die 2019/20 finansiële jaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nie van toepassing, eenmalige toekenning.</li> </ul>



## Deel C: AANSLUITING BY ANDER PLANNE

---

### Voorwaardelike toelaes

Geen.

### Aansluiting by langtermyn infrastruktuur- en ander kapitaalplanne

Nie van toepassing nie

### Openbare entiteite

Die Departement beskik nie oor enige sodanige entiteite nie.

### Openbare-Private Vennootskappe


Die Departement het nie enige Openbare-Private Vennootskappe aangegaan nie.



**BYLAES**



Bylaes A: Organisasoriese struktuur



Bylaes B: Strategiese doelwitaanwysers en teikens

Direktorate	Strategiese doelwit	Strategiese doelwitaanwysers	Strategiese plan teikens (2015-2020)
Program 1	Om in vennootskap met programme te werk sodat hulle hul diensleweringse vereistes kan nakom	Voorlegging van strategiese verslae	32
		Aantal finansiële state ingedien	69
Munisipale Bestuur & Gespesialiseerde Ondersteuning	Om goeie bestuur in munisipaliteite te bevorder	Besluitnemingsinisiatiewe verbeter	32
Openbare Deelname	Om openbare deelname te versterk deur doeltreffende kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe	Inisiatiewe om openbare deelname in munisipaliteite te verbeter	26
		Om ondersteunings- en kapasiteitsbouinisiatiewe aan munisipaliteite te bied	Munisipaliteite ondersteun met bevoegdheid inisiatiewe oor geslagshoofstroming
Bevoegdheidsontwikkeling	Om ondersteunings- en kapasiteitsbouinisiatiewe aan munisipaliteite te bied	Program geïmplementeer om munisipaliteite te ondersteun en in staat te stel	21
Munisipale Prestasiemonitering, Verslagdoening en Evaluering	Om munisipale prestasie te monitor en te evalueer	Munisipale prestasiemoniteringsinisiatiewe	13
Dienslewering-integreer	Om beter toegang tot regeringsinligting, dienste en sosio-ekonomiese geleenthede te koördineer	Projekte geïmplementeer om toegang tot regeringsdienste te verbeter	10
		Om koöperatiewe regering tussen die drie regeringsfere te ondersteun	Inisiatiewe wat samewerkende regering tussen die drie vlakke van regering ondersteun
Gemeenskapsontwikkelingswerkeprogram	Om beter toegang tot regeringsinligting, dienste en sosio-ekonomiese geleenthede te koördineer	Projekte wat toegang tot en inligting oor regeringsdienste verbeter	12
Munisipale Infrastruktuur	Om munisipaliteite te ondersteun om ekonomiese en sosiale infrastruktuur te voorsien en in stand te hou	Ondersteun inisiatiewe oor infrastruktuurprojekte	4

Direktorate	Strategiese doelwit	Strategiese doelwitaanwysers	Strategiese plan teikens (2015-2020)
Rampbestuur and Brandweerdienste	Om doeltreffende rampgereedheid, interregeringsverhoudinge en rampherstel te koördineer	Program om doeltreffende rampgereedheid, interregeringsverhoudinge en rampherstel te koördineer	16
	Om die vermindering van risiko's wat deur gevare gestel word, te koördineer	Programme om potensiële risiko's te verminder	16
	Om brand- en reddingsdienste te verbeter	Programme om die bekwaamheid van brandweer- en reddingsdienste te verbeter	20
Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning	Om die gehalte van GOpE te verbeter ten einde dienslewering te bewerkstellig	Program om die gehalte van GOpE te verbeter	12
	Om interregeringsbeplanning en begroting te versterk deur die vestiging van GOP as die enkel koördineringsplan van die regering	Program om interregeringsbeplanning vir GOpE te verbeter	3

## Bylaes C: Tegniese beskrywing van aanwysers

### Program 1: Administrasie

**Strategiese doelwit 1:** Om met programme saam te werk sodat hulle hul diensleweringseise kan nakom

#### Strategiese doelwitaanwysers

Titel van aanwyser	1.1. Voorlegging van strategiese verslae
<b>Kort omskrywing</b>	Departementele strategiese verslae wat die Departement se planne oor die vyf jaar asook die MTUR uiteensit. Alle planne moet betyds ingedien word soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Doel/belang</b>	Om burgers, wetgewing en ander belanghebbendes in te lig wat die Departement se planne is en wat die Departement in 'n bepaalde jaar en oor vyf jaar behaal het.
<b>Bron/insameling van data</b>	Gepubliseerde NOP, MTSP, PSP, JPPe, JVe, Kwartaallikse Prestasieplanne, en evalueringstudies waar van toepassing.
<b>Berekeningsmetode</b>	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser, wat verslag doen oor alle dienste wat deur die Departement in 'n munisipale ruimte gedoen word
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement moet strategiese verslae betyds indien en voorlê, soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Beleid- en Strategiese Steun

## Provinsiale prestasie-aanwysers

Titel van aanwyser	1.1.1 Voorlegging van Jaarlikse Prestasieplan
Kort omskrywing	Departementele Jaarlikse Prestasieplan waarin die Departement se plan vir die jaar oor die MTUR uiteengesit word. Die plan moet betyds ingedien word soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
Doel/belang	Om burgers, wetgewers en ander belanghebbendes in te lig oor wat die Departement beplan en wat die Departement in 'n bepaalde jaar en oor die vyf jaar behaal het.
Bron/insameling van data	Gepubliseerde NOP, MTSP, PSP, JPPe, JVe, Kwartaallikse Prestasieplanne, and evalueringstudies waar van toepassing.
Porttefeulje van bewys	Jaarverslag
Berekeningsmetode	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
Databeperkings	Geen
Soort aanwyser	Indirekte diensleweringsaanwyser, wat verslag doen oor alle dienste wat deur die Departement in 'n munisipale ruimte gedoen word.
Soort berekening	Niekumulatiewe jaareinde
Verslagdoeningsiklus	Jaarliks
Nuwe aanwyser	Nee
Gewenste prestasie	Departement moet JPP betyds indien en voorlê, soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
Verantwoordelikheid	Direkteur: Beleid- en Strategiese Steun

Titel van aanwyser	1.1.2 Voorlegging van Kwartaallikse Prestasieplanne
Kort omskrywing	Departementele Kwartaallikse Prestasieplanne (KPV) om betyds ingedien te word soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe van die Provinsiale Tesourie en Provinsiale DME.
Doel/belang	Om kwartaallikse vooruitgang te voorsien op beplande departementele aflewerbares volgens die jaarlikse prestasieplan..
Bron/insameling van data	Kwartaallikse Prestasieplanne soos deur verskeie subprogramme ingedien.
Porttefeulje van bewys	Kwartaallikse Prestasieplanne (KPV).
Berekeningsmetode	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
Databeperkings	Verkeerde kwartaallikse prestasie deur lynfunksie.
Soort aanwyser	Indirekte diensleweringsaanwyser, wat verslag doen oor alle dienste wat deur die Departement in 'n munisipale ruimte gedoen word.
Soort berekening	Niekumulatiewe jaareinde
Verslagdoeningsiklus	Kwartaallikse
Nuwe aanwyser	Nee
Gewenste prestasie	Departement moet kwartaallikse verslae betyds indien en voorlê, soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
Verantwoordelikheid	Direkteur: Beleid- en Strategiese Steun

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.1.3 Voorlegging van Jaarverslag</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Die Departementele Jaarverslag wat die geouditeerde vordering van die Departement weerspieël, moet betyds ingedien word soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Doel/belang</b>	Om burgers, wetgewers en ander belanghebbendes in te lig wat die Departement in 'n bepaalde jaar behaal het.
<b>Bron/insameling van data</b>	Gepubliseerde Jaarverslae, KPV'e, AFS, Menslike Hulpbrondata, OG-verslag en bestuursverslae.
<b>Porttefeuille van bewys</b>	Jaarverslag
<b>Berekeningsmetode</b>	Verifiëring van teenwoordigheid van planne.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser, uitsetaanwyser wat verslag doen oor alle dienste wat deur die Departement in 'n munisipale ruimte uitgevoer is.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatief
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement om 'n Jaarverslag tydig op te stel soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Beleid- en Strategiese Steun

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.1.4 Aantal impak evalueringsverslae uitgevoer</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Evalueringsverslag van 'n departementele projek wat vir daardie finansiële jaar geïdentifiseer is.
<b>Doel/belang</b>	Om die impak van Departement se projekte te evalueer en om die impak van programme te bepaal. Om inligting te verskaf t.o.v. beplanning vir die komende jaar
<b>Bron/insameling van data</b>	KPV, werkgebiedverslae, evalueringsverslae
<b>Porttefeuille van bewys</b>	Evalueringsverslag, assesseringsdokument
<b>Berekeningsmetode</b>	Getelde Aantal evalueringsverslae uitgevoer.
<b>Databeperkings</b>	Bevindings beperk tot die projekte wat vir evaluering geïdentifiseer is.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat die trefkrag van dienste wat deur die Departement geïmplementeer is meet.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement moet die beplande uitkomst akkuraat bepaal en daarvoor verslag doen en verwante uitdagings vir verbetering moet geïdentifiseer word. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Beleid- en Strategiese Steun

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.2. Aantal finansiële verslae ingedien</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Finansiële verslae betyds indien en voorlê, soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Doel/belang</b>	Voldoening aan die Nasionale en Provinsiale Tesourier regulasies en omsendbriewe oor begrotingsuitgawes en monitoring.
<b>Bron/insameling van data</b>	In-jaar moniteringsverslae (IJM), jaarlikse finansiële state, tussentydse finansiële state.
<b>Berekeningsmetode</b>	Kwantitatief Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat rekenskap gee van finansiële hulpbronne wat deur die Departement gebruik word om munisipaliteite met dienslewering by te staan.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Voorlegging van finansiële verslae betyds indien, soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Hoof Finansiële Beampte



## Provinsiale prestasie-aanwysers

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.2.1 In-jaar moniteringsverslae (IJMe) aan PT voorgelê.</b>
<b>Kort omskrywing</b>	In-jaar monitering betyds ingedien soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Doel/belang</b>	Voldoening aan die Nasionale Tesourie regulasies, besteding en monitering van die departementele begroting.
<b>Bron/insameling van data</b>	Begrotings, uitgawes en verkrygingsplanne van lynfunksie vir beplanningsdoeleindes.
<b>Porttefeulje van bewys</b>	IJM-verslae
<b>Berekeningsmetode</b>	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	In die afwesigheid van verkrygingsplanne, is die verkrygingsstrategie nie uitvoerbaar nie. As die rekeningkundige en/of verkrygingstelsels nie werk nie, is verslae moeilik om vir rapporteringsdoeleindes te verkry.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat rekenskap gee van finansiële hulpbronne wat deur die Departement gebruik word om munisipaliteite met dienslewering by te staan.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Indiening van 12 akkurate IJMe vir die finansiële jaar. Die gewenste prestasie is gelyk aan die geteikende prestasie.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Hoof Finansiële Beampste

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.2.2 Behoorlike koste begroting in lyn met JPP/Strategiese Plan</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Indiening van 'n MTUR-begroting wat in lyn is met departementele JPP.
<b>Doel/belang</b>	Om 'n MTUR-begroting te voorsien wat die lewering van die JPP-projekte sal ondersteun.
<b>Bron/insameling van data</b>	JPPe, kontantvloei en verkrygingsplanne van direktorate
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Begrotingspos 14
<b>Berekeningsmetode</b>	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	Swak koste kontantvloei en verkrygingsplanne van lynfunksie.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat rekenskap gee van finansiële hulpbronne wat deur die Departement gebruik word om munisipaliteite met dienslewering te ondersteun.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement om 'n behoorlike koste-begroting in te dien wat in lyn gebring word met die JPP-dienslewering. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Hoof Finansiële Beampste en Direkteur: Beleid en Strategiese Ondersteuning

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.2.3 Voorlegging van Jaarlikse Finansiële State (JFS)</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Dien Jaarlikse Finansiële State in soos voorgeskryf deur betrokke regulasies en omsendbriewe.
<b>Doel/belang</b>	Om JFS van die Departement in te dien om uitgawes en rekeninge vir openbare fondse te wys
<b>Bron/insameling van data</b>	Finansiële en niefinansiële verslae
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Jaarlikse finansiële state
<b>Berekeningsmetode</b>	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	Integriteit van data word aangeneem en JFS hou slegs verband met aangemelde probleme.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat rekenskap gee van finansiële hulpbronne wat deur die Departement gebruik word om munisipaliteite met dienslewering by te staan.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement moet akkurate jaarlikse finansiële state indien. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Hoof Finansiële Beampste

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>1.2.4 Voorlegging van tussentydse (interim) finansiële state</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Dien tussentydse finansiële state in soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies en omsendbriewe
<b>Doel/belang</b>	Om JFS van Departement in te dien om uitgawes en rekeninge vir openbare fondse te wys.
<b>Bron/insameling van data</b>	Finansiële en niefinansiële verslae.
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Tussentydse finansiële state.
<b>Berekeningsmetode</b>	Enkele telling van aantal verslae wat gelewer word.
<b>Databeperkings</b>	Integriteit van data word aangeneem en JFS hou slegs verband met aangemelde probleme.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser wat rekenskap gee van finansiële hulpbronne wat deur die Departement gebruik is om munisipaliteite met dienslewering te ondersteun.
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Departement moet akkurate tussentydse finansiële state indien. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Hoof Finansiële Beampte

**Program 2: Plaaslike Regering**

**Subprogram 2.1: Munisipale Administrasie**

**2.1.1. Munisipale Bestuur & Gespesialiseerde Ondersteuning**

**Strategiese doelwit:** Om goeie bestuur in munisipaliteite te bevorder

**Strategiese doelwitaanwyser**

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1 Om besluitnemingsprogramme te verbeter</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Voorsien regsondersteuning om wettige nakoming te verbeter en toesighoudingsfunksie te versterk om besluitneming in munisipaliteite te verbeter.
<b>Doel/belang</b>	Om wetgewende nakoming te bevorder en te verbeter en om toesig in munisipaliteite te versterk.
<b>Bron/insameling van data</b>	Ou ordonnansies, grondwet, nasionale en provinsiale wetgewing, verordeninge, regspraak
<b>Berekeningsmetode</b>	Eenvoudige telling van aantal programme geïmplementeer
<b>Databeperkings</b>	Geen databeperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Verbeterde toesig en besluitneming in munisipale rade. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

## Provinsiale prestasie-aanwysers

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.1 Munisipaliteite wat ondersteun word met wetgewingontwikkeling</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Munisipaliteite ondersteun met die ontwikkeling, hersiening en wysiging van verordeninge, konsep standaardverordeninge, beleide en/of stelsels van afvaardigings.
<b>Doel/belang</b>	Die doel is om te verseker dat munisipaliteite in 'n wetlike raamwerk werk wat veerkragtig is vir die behoeftes en reaksies van plaaslike regering. Die ondersteuning in die ontwikkeling, hersiening en wysiging van verordeninge, konsep standaardverordeninge, beleide en/of stelselsafvaardigings, is om te verseker dat hulle grondwetlike mandaat vervul word.
<b>Bron/insameling van data</b>	Grondwet, nasionale en/of provinsiale wetgewing, verordeninge, regspraak, belange met munisipaliteite.
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Versoeke, agendas, notules, bywoningsregisters, reaksie van munisipaliteite
<b>Berekeningsmetode</b>	Telling van aantal inisiatiewe geïmplementeer.
<b>Databeperkings</b>	Geen databeperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Munisipale verordeninge in lyn met die Grondwet, wat munisipaliteite in staat stel om verordeninge op funksionele gebiede toe te pas, wetgewing wat reageer op die praktiese behoeftes van munisipaliteite. Voldoende stelsels van afvaardigings. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.2 Regsondersteuning aan munisipaliteite om munisipale bestuur te versterk</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Gasheer vir Wetgewende en Grondwetlike Taakspan.
<b>Doel/belang</b>	Ondersteun wetlike nakoming en leiding aan munisipaliteite.
<b>Bron/insameling van data</b>	Wetgewing, regspraak, plaaslike regeringskenners, gevallestudies
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Agendas, aanbiedings, bywoningsregister
<b>Berekeningsmetode</b>	Tel alle regsondersteuning aan munisipaliteite as een inisiatief/program en die Wetgewende Taakspan as 'n ander.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Verbetering van wetlike nakoming in munisipaliteite. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.3 Toesig oor Munisipale Openbare Rekening Komitees (MORK)</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Om die verrigtinge van MORKs en die implementering van sy funksies te assessee en /of betrokke te raak met voorsitters van MORKs om die funksionaliteit van MORKs te bepaal.
<b>Doel/belang</b>	Om toesig oor munisipaliteite te verbeter
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale data
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Asseseringsverslag, agendas, en/of notules van vergaderings.
<b>Berekeningsmetode</b>	Telling van aantal MORKs geassessee soos beskryf in kort definisie
<b>Databeperkings</b>	Toegang tot dokumentasie en vergaderings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Funksionaliteit van MORKs en beoordeling van die behoeftes van MORK. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.4 Aantal munisipaliteite wat met inisiatiewe ondersteun word om hulle in staat te stel om bestuur en aanspreeklikheid uit te oefen</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Werkessies lei en 'n bewustheid in munisipaliteite kweek wat verband hou met die volgende inisiatiewe: teenkorrupsie, MORK, wetlike prosedures in die werwing en aanstelling van senior bestuurders, oppergesag van die reg, stelsels van delegasie, rolle en verantwoordelikhede, beleide, en/ofgedragskode vir raadslede.
<b>Doel/belang</b>	Om munisipale raad toesighoudingsfunksie en bestuur oor die uitvoerende en die administrasie te versterk.
<b>Bron/insameling van data</b>	Wetgewing, regspraak, omsendbriewe, regsmenings
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Agendas, bywoningsregister and voorleggings
<b>Berekeningsmetode</b>	Handmatige telling van aantal munisipaliteite
<b>Databeperkings</b>	Geen
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Munisipale toesighoudingsfunksie en bestuur versterk. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.5 Assessering van Senior Bestuursaanstellings ooreenkomstig wetlike voorskrifte</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Assessering van aanstellingsproses en uitkoms van munisipale bestuurders en bestuurders direk aanspreeklik teenoor munisipale bestuurders, soos voorgelê aan die LUR vir Plaaslike Regering deur munisipaliteite
<b>Doel/belang</b>	Om te verseker dat die aanstelling in ooreenstemming is met die Wet op Munisipale Stelsels en toepaslike regulasies.
<b>Bron/insameling van data</b>	Skryflike verslag wat deur die munisipaliteit aan die LUR vir Plaaslike Regering voorgelê is met betrekking tot die aanstellingsproses en uitkoms.
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Brief onderteken deur die LUR vir Plaaslike Regering.
<b>Berekeningsmetode</b>	Telling van aantal assesserings voltooi.
<b>Databeperkings</b>	Kwaliteit en volledigheid van inligting van munisipale raad en afhanklik van vakatures wat in munisipaliteite ontstaan.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde (vraaggedrewe teiken)
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur



<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.6 Opdatering van Munisipale Kodes vir munisipaliteite</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Munisipaliteite ondersteun met die opdatering van sy munisipale kode, soos vereis ingevolge artikel 15 van die Wet op Munisipale Stelsels.
<b>Doel/belang</b>	Om te verseker dat munisipaliteite voldoen aan Artikel 15 van die Wet op Munisipale Stelsels om dit in staat te stel om verordeninge af te dwing.
<b>Bron/insameling van data</b>	Provinsiale staatskoerante, kabinet databasis
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Aanvullende Munisipale Kodes
<b>Berekeningsmetode</b>	Handmatige telgetal van munisipale kodes aangevul
<b>Databeperkings</b>	Niepublikasie van verordeninge deur munisipaliteite ooreenkomstig wetgewende vereistes.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde (vraaggedrewe teiken)
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Ja
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.7 Evaluering van Gedragskode om wetgewende nakoming te verseker</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Om aandag te gee aan appèlle van munisipale raadslede en versoeke vir die opskorting en verwydering van raadslede
<b>Doel/belang</b>	Statutêre verantwoordelikheid
<b>Bron/insameling van data</b>	Rekord van besluit van die munisipale raad
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Korrespondensie en/of voorleggings
<b>Berekeningsmetode</b>	Telgetal nommer van gedragskode gevalle geassesseer
<b>Databeperkings</b>	Kwaliteit en volledigheid van inligting van Munisipale Raad. Voorts, afhanklik van raadslede wat appèlle appelleer en munisipaliteite versoek om 'n raadslid te verwyder of te skors.
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde (vraaggedrewe teiken)
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Wetlike besluite (prosedureel en wesentlik). Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.8 Kommentaar op konsep nasionale of provinsiale wetgewing, konsep nasionale of provinsiale beleid en/of konsep munisipale verordeninge</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Om kommentaar te lewer op konsep nasionale of provinsiale wetgewing, konsep nasionale of provinsiale beleid, wat 'n impak op plaaslike regering en/of konsep munisipale verordeninge het.
<b>Doel/belang</b>	Statutêre vereiste
<b>Bron/insameling van data</b>	Konsep nasionale of provinsiale wetgewing, konsep nasionale of provinsiale beleid en/of konsepverordeninge
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Vorbereide en ondertekende kommentaar
<b>Berekeningsmetode</b>	Telgetal van aantal kommentaar ingedien
<b>Databeperkings</b>	Munisipaliteite lewer nie kommentaar wanneer dit versoek word nie. Niekennisgewing van nasionale of provinsiale wetgewing, konsep nasionale of provinsiale beleid, en/of konsepverordeninge
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde (vraaggedrewe teiken]
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Ja
<b>Gewenste prestasie</b>	Verseker dat wetgewing of beleid opgestel deur die nasionale of provinsie wat 'n impak op plaaslike regering het, nie onvoorsiene gevolg/e vir plaaslike regering skep of nie onrealistiese verpligtinge vir munisipaliteite voorstel nie. Verseker dat verordeninge in ooreenstemming is met die Grondwet, nasionale en provinsiale wette. Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te maak of te oorskry.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Munisipale Bestuur

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>Informele ingrypings</b> <b>2.1.9 Verslag oor ondersteuning wat verskaf word ten opsigte van assesserings wat ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Monitoring en Ondersteuning van munisipaliteite en ondersoekes gedoen word.</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Om te rapporteer oor ondersteuning wat voorsien is ten opsigte van die aanslag van klagtes rakende munisipaliteite ingevolge Artikel 105 van die Wet op Munisipale Stelsels en/of Artikel 5 van die Wes-Kaapse Wet op die Monitoring en Ondersteuning van Munisipaliteite en die ondersteuning wat verskaf is ten opsigte van ondersoekes ingevolge artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of Artikel 154 van die Grondwet.
<b>Doel/belang</b>	Om klagtes doeltreffend en wettig te evalueer ten opsigte van munisipaliteite sodat hierdie klagtes doeltreffend en toepaslik opgelos kan word en om te verseker dat daar 'n verslag opgestel word. Om te verseker dat ondersoekes ingevolge Artikel 106 van die Wet op Munisipale Stelsels of Artikel 154 van die Grondwet wettiglik is en om te verseker dat daar 'n verslag opgestel word.
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale verslae, verslae van klagtes
<b>Porttefeuille van bewys</b>	Gekonsolideerde verslag en ondersteunende bewyse
<b>Berekeningsmetode</b>	Die werklike gekonsolideerde verslag sal getel word; hierdie verslag sal egter vergesel word van die relevante ondersteunende dokumente
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg (prosedureel en wesentlik). Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Gespesialiseerde Ondersteuning

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>2.1.10 Verslag oor gespesialiseerde ondersteuning wat voorsien word in bestuursvraagstukke in reaksie op munisipaliteite se behoeftes</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Om munisipaliteite te ondersteun wat ernstige bestuurskwessies ervaar
<b>Doel/belang</b>	Om te ondersteun, te verwerk en in te gryp in die bestuur van munisipaliteite in gevalle waar ernstige bestuursoortreding beweer word
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale verslae, verslae van klagtes
<b>Porttefeuille van bewys</b>	Gekonsolideerde verslag en ondersteunende bewyse
<b>Berekeningsmetode</b>	Die werklike gekonsolideerde verslag sal getel word; hierdie verslag sal egter vergesel word van die relevante ondersteunende dokumente
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg (prosedureel en wesentlik). Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Gespesialiseerde Ondersteuning

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>Ondersoeke</b> 2.1.11 Verslag oor ondersteuning wat verskaf word ten opsigte van klagtes en navrae wat ontvang is met betrekking tot bewerings van bedrog, wanadministrasie, korrupsie en/of versuim om aan statutêre verpligtinge op munisipale vlak te voldoen.
<b>Kort omskrywing</b>	Om te rapporteer oor die ondersteuning wat verskaf word ten opsigte van klagtes en/of navrae wat verband hou met bewerings van bedrog, wanadministrasie, korrupsie en /of versuim om te voldoen aan statutêre verpligtinge op munisipale vlak.
<b>Doel/belang</b>	Om te verseker dat bedrog, wanadministrasie, korrupsie en/of nienakoming van statutêre verpligtinge behoorlik aangespreek word binne die toepaslike wetlike raamwerk en dat daar 'n verslag opgestel word.
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale verslae, verslae van klagtes
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Gekonsolideerde verslag en ondersteunende bewyse
<b>Berekeningsmetode</b>	Die werklike gekonsolideerde verslag sal getel word; hierdie verslag sal egter vergesel word van die relevante ondersteunende dokumente.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Kwartaalliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg (prosedureel en wesentlik). Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Gespesialiseerde Ondersteuning

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>Formele ingryping</b> 2.1.12 Verslag oor ondersteuning wat voorsien word ten opsigte van formele provinsiale ingrypings wat ingevolge Artikel 139 van die Grondwet geregverdig of vereis word
<b>Kort omskrywing</b>	Om verslag te doen oor die voorbereiding en uitvoering van formele provinsiale ingrypings in munisipaliteite wat onderneem word in ooreenstemming met die toepaslike wetlike raamwerk.
<b>Doel/belang</b>	Om te verseker dat formele provinsiale intervensies wat ingevolge Artikel 139 van die Grondwet onderneem word behoorlik gekoördineer, effektief en wetlik geldig is en dat daar 'n verslag opgestel word.
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale verslae, verslae van klagtes
<b>Porttefeulje van bewys</b>	Gekonsolideerde verslag en ondersteunende bewyse
<b>Berekeningsmetode</b>	Die werklike gekonsolideerde verslag sal getel word; hierdie verslag sal egter vergesel word van die relevante ondersteunende dokumente.
<b>Databeperkings</b>	Geen beperkings
<b>Soort aanwyser</b>	Indirekte diensleweringsaanwyser op 'n uitsetvlak
<b>Soort berekening</b>	Niekumulatiewe jaareinde
<b>Verslagdoeningsiklus</b>	Jaarliks
<b>Nuwe aanwyser</b>	Nee
<b>Gewenste prestasie</b>	Behoorlike regsproses gevolg (prosedureel en wesentlik). Die gewenste prestasie om die geteikende prestasie gelyk te stel.
<b>Verantwoordelikheid</b>	Direkteur: Gespesialiseerde Ondersteuning

## Nasionaal voorgeskrewe aanwysers

<b>Titel van aanwyser</b>	<b>NVA:1 Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om te voldoen aan MSA-regulasies oor die aanstelling van senior bestuurders (Uitkoms 9, Subuitkoms 4) (B2B Pilaar 5)</b>
<b>Kort omskrywing</b>	Volg munisipaliteite met die werwings- en keuringsprosesse van senior bestuurders ingevolge Regulasies 2014 deur middel van voorgeskrewe instrumente
<b>Aard van ondersteuning</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reik 'n omsendbrief/kenningsgewing/riglyn aan die onderskeie munisipaliteite uit waarin besonderhede gegee word oor stappe wat onderneem moet word om die senior bestuursposte te vul; en/of</li> <li>• Ontwikkel 'n verslag oor die nakoming van munisipaliteite met Regulasies van 2014 oor aanstelling van senior bestuurders; en/of</li> <li>• Help en ondersteun munisipaliteite deur middel van vergaderings en werkwinkels om Regulasies 2014 te interpreteer en toe te pas; en/of</li> <li>• Gryp in waar munisipaliteit nie voldoen nie. Ingrypings verskil van provinsie tot provinsie</li> </ul>
<b>Doel/belang</b>	Om aanstelling van bevoegde en toepaslik gekwalifiseerde senior bestuurders in munisipaliteite te bevorder.
<b>Bron/insameling van data</b>	Munisipale verslae oor nakoming
